Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

**11 JUNIE 2018**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | 1652 | | |
| | 1.1.2 | Vryburgers | | |
| | 1.1.3 | Kaapstad | | |
| | 1.1.4 | 1961 | | |
| | 1.1.5 | Raad | | |
| | | | (5 × 2) | (10) |
| 1.2 | 1.2.1 | Onwaar | | |
| | 1.2.2 | Onwaar | | |
| | 1.2.3 | Waar | | |
| | 1.2.4 | Onwaar | | |
| | 1.2.5 | Waar | | |
| | 1.2.6 | Waar | | |
| | 1.2.7 | Waar | | |
| | | | (7 × 2) | (14) |
| 1.3 | 1.3.1 | D | | |
| | 1.3.2 | G | | |
| | 1.3.3 | A | | |
| | 1.3.4 | H | | |
| | 1.3.5 | B | | |
| | 1.3.6 | J | | |
| | 1.3.7 | I | | |
| | 1.3.8 | E | | |
| | | | (8 × 2) | (16) |
| | | | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Interafhanklikheid
- Samehang en integrasie
- Geldigheid en kapasiteit
- Deling en herdistribusie
- Tradisionele landelike gemeenskappe
- Bestaande en voorgestelde funksionele grense
- Grondgebruik, beplanning, ensovoorts
- Koördinasie van programme en dienste
- Kenmerke van ‘n gebied
- Administrasieresultate
- Rasionalisering (Enige 10 × 1) (10)

2.2
- Munisipaliteite kan nie ontwikkel in munisipale gebiede nie omdat mense na die stede toe trek.
- Munisipaliteite in landelike gebiede verloor inkomste, wat nodig is vir ontwikkeling.
- Mense wat in die landelike gebiede agterbly sal later ook trek omdat plaaslike munisipaliteite nie dienste kan verskaf nie.
- Mense wat na die stede toe kom kry nie werk nie.
- Dit lei tot antisosiale gedrag soos misdaad, drankmisbruik, dwelmgebruik, ensovoorts.
- Munisipaliteite moet meer dienste verskaf weens die getal mense wat na die stede toe trek.
- Munisipaliteite probeer om werkloosheid, misdaad, en gesondheidsrisiko’s as gevolg van plakkery te voorkom. (Enige 5 × 2) (10)

2.3 ALGEMENE GEDRAG VAN RAADSLEDE
- Bywoning van vergaderings
- Sanksies vir nie-bywoning van ‘n vergadering
- Onttrekking uit ‘n vergadering
- Gevestigde belang in ‘n raadsvergadering
- Ongemagtigde bekendmaking van inligting
- Aanstelling as beampte van ‘n raad
- Persoonlike wins
- Verklaring van belange
- Raadslede wat as agente optree (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.4
- Is in diens van 'n munisipaliteit en ontvang vergoeding van daardie munisipaliteit
- Is 'n staatsamptenaar en ontvang vergoeding van die staat
- Is gediskwalifiseer om te stem
- Is tot 'n ongerehabiliteerde insolvent verklaar
- Is gediskwalifiseer om vir die Nasionale Vergadering te stem
- Is lid van 'n ander munisipaliteit
- Is reeds 'n raadslid, behalwe as hy/sy herkies wil word
- Het 'n huweliksmaat wat 'n werknemer van die raad is
- Is deur 'n geregshof ongeskik verklaar om 'n openbare amp te beklee
- Skuld vir langer as drie maande geld aan die betrokke munisipaliteit (10)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1
- Munisipaliteite verseker dat die beginsels van publieke administrasie uitgevoer word.
- Munisipaliteite is nader aan die mense.
- Munisipaliteite genereer hulle eie fondse en gebruik geld ekonomies.
- Dienste word goedkoper gelewer deur die munisipaliteit wat in daardie gebied is.
- Hulle verlig die las van die hoër gesag.
- Verskillende munisipaliteite het verskillende behoeftes en weet die beste hoe om daarin te voorsien.
- Munisipale werkers en raadslede woon in die diensgebied en het dieselfde dienste nodig, wat tot 'n verbetering in dienste kan lei.
- Munisipaliteite help met die formulering van die sentrale beleid.
- Inwoners kan deelneem aan openbare aangeleenthede.
- Munisipaliteite kan hulpbronne effektief en doeltreffend benut.
- Beleide word vinniger geïmplementeer in munisipaliteite. (Enige 10 × 1) (10)

3.2
- Die lys van genomineerdes word voorgelê aan die president wat daarna die lede aanstel.
- Lede mag aangestel word wanneer daar 'n vakature is vir 'n nuwe lid.
- Die minister van provinsiale aangeleenthede en plaaslike regering adverteer die poste in die media, nasionaal en in die provinsies.
- Die ampstermyn is 5 jaar.
- Daar is geen beperking op die aantal termyne wat 'n lid mag dien nie.

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.3
- Regulasie vir die aanhou van diere, pluimvee en bye
- Regulasie vir boubeheer
- Regulasie vir begraafplase
- Regulasie vir elektrisiteit
- Regulasie vir die brandweer
- Regulasie vir vuurwerk
- Regulasie vir eiendomsbelasting
- Regulasie vir wetstoepassing
- Regulasie vir handel dryf op straat
- Regulasie vir munisipale taxi-staanplekke (10)

3.4 3.4.1 Hierdie Wet maak voorsiening vir die regulering van interne strukture en ampsdraers van munisipaliteite. .

3.4.2 Hierdie Wet fokus op gemeenskapsdeelname, 'IDP', prestasiebestuur, plaaslike administrasie, kredietbeheer en skuldinvordering.

3.4.3 Hierdie Wet verseker gesonde en volhoubare bestuur van die munisipaliteit se fiskale en finansiële sake deur norme en standaarde neer te lê.

3.4.4 Hierdie Wet skryf die prosedures vir die bepaling van grense voor.

3.4.5 Hierdie Wet staan toe dat algemene verkiesings gehou word en bepaal die funksies en magte van plaaslike owerhede in Suid-Afrika.

(5 × 2) (10)
**[40]**

**VRAAG 4**

4.1
- Ontvang verslae van komitees en stuur die verslae, met aanbevelings, na die raad.
- Identifiseer die behoeftes van die munisipaliteit.
- Gaan die behoeftes na en evalueer hulle volgens prioriteit.
- Beveel die beste metodes aan om hierdie programme en dienste aan die publiek te lewer.
- Kyk na die munisipaliteit se prestasie met die oog daarop om dit te verbeter.
- Identifiseer en ontwikkel kriteria om die vordering van programme en dienste te evalueer. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.2
- Hulle adviseer die raadslede oor beleidsake wat die wyk raak.
- Hulle identifiseer die behoeftes en uitdagings wat wyke in die gesig staar.
- Hulle kry beter deelname van die gemeenskap.
- Hulle lig die gemeenskappe in oor begrotingsvoorstelle, 'IDP's en dienslewering.
- Hulle ontvang klagtes van die inwoners oor munisipale dienslewering.
- Hulle verseker effektiewe kommunikasie tussen die raad en die gemeenskap.
- Hulle help die wyksraadslid met konsultasie en terugrapportering aan die gemeenskap. (Enige 5 × 2) (10)

4.3
- Om inligting uit te ruil en te evalueer
- Om probleme op te los
- Om konflik op te los
- Om inligting te versprei
- Om idees uit te ruil (Enige 4 × 2) (8)

4.4

| **FUNKSIES VAN BURGEMEESTER** | **FUNKSIES VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER** |
|---|---|
| • Belê raadsvergaderings<br>• Teken die notules van raadsvergaderings<br>• Is die seremoniële hoof van die stad<br>• Belê openbare vergaderings<br>• Het die beslissende stem in die raad | • Monitor die administrasie van die munisipaliteit<br>• Verseker dat die openbare mening in ag geneem word<br>• Hou toesig oor die verskaffing van dienste<br>• Gaan die verslae van komitees na<br>• Identifiseer die behoeftes van die munisipaliteit |

(5 × 2) (10)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1
- Die OVK stel die kieserslys saam.
- Die OVK stel 'n Munisipale Verkiesingsbeampte aan ('MEO').
- Die OVK registreer die politieke partye wat aan die verkiesing deelneem.
- Die OVK stel 'n lys van kandidate saam.
- Hulle lig die kiesers in.
- Die OVK kondig die resultate aan, en is onafhanklik. (6 × 2) (12)

5.2
- Baie jare gelede het riviere of boorgate genoeg water voorsien.
- Namate die bevolking toeneem, is 'n groter gemeenskaplike watervoorraad nodig.
- Munisipaliteite moet water voorsien en siektes voorkom.
- Netwerkstelsels, reservoirs en suiweringswerke word deur munisipaliteite gebou.
- Water moet geskik wees vir drink- en wasdoeleindes.
- Watermeterlesings word geneem om inwoners se gebruik te bepaal en rekeninge voor te berei. (Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

5.3
- Munisipaliteite moet by die beplanning van dorpe en stede voorsiening maak vir plekke van aanbidding.
- Munisipaliteite moet die praktyke en godsdienstige vakansiedae van die verskillende godsdienste respekteer.
- Munisipaliteite moet voorsiening maak vir krematiora en begraafplase vir die teraardebestelling van mense van verskillende godsdienste.
- Munisipaliteite moet toesien dat mense wat aan 'n godsdienstige gemeenskap behoort, toegelaat word om hulle godsdiens saam met ander lede van die gemeenskap te beoefen.
- Nasionale wetgewing word voorgeskryf om diskriminasie, ook met betrekking tot godsdiens, te voorkom of te verbied. (Enige 4 × 2) (8)

5.4
- Belê 'n vergadering
- Begin op die ooreengekome tyd met die vergadering
- Verseker dat daar 'n kworum teenwoordig is by die vergadering
- Teken die notule van die vorige vergadering
- Besluit in watter volgorde die persone wat teenwoordig is aan die bespreking kan deelneem
- Verseker dat debatte nie handuit ruk nie
- Bepaal die volgorde waarin lede moet praat
- Ontvang mosies en lê dit aan die vergadering voor vir bespreking
- Verseker dat besprekings by die toepaslike onderwerp bly
- Kan 'n vergadering verdaag as daar nie 'n kworum is nie of as die vergadering wanordelik raak (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou